

Inhoud Hierdie preek wys dat God self elke dag besig is om mense te seën en mense te vervloek volgens sy wet terwyl Hy gelowiges net seën en nooit vervloek nie. Omdat God hom nie op die kwaad wat ons doen, wreek nie, mag ons nie op die kwaad wat mense ons aandoen wreek nie. Om jouself te wreek is om in te meng met die wraak van God. God seën ons om aan alle mense altyd goed te doen, ook die wat ons kwaad aandoen. So leef ons uit die geloof in God se seën.

Skriflesing Galasiërs 3: 9 -14; Romeine 12; 1, 9 -21.

Teks Galasiërs 3: 13 “Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek ‘n vervloeking geword het.”

Tema Christus bevry ons uit die magstryd tussen goed en kwaad.

1. Binne die Christelike geloof kan jy nooit geregverdig wees om wraak te neem nie. Daarom maak Paulus die oproep dat die gelowiges hulle nie moet wreek nie en motiveer dit daardeur dat net God wraak neem. Dit beteken God is besig om die kwaad te vervloek. Daarom mag gelowiges nie wraak neem nie want dan meng hulle in wat God self besig is om te doen. Christene moet hulle uithou uit die vergelding van kwaad waarmee God elke dag besig is.

Wraak is om kwaad met kwaad te vergeld. Om jouself te verdedig teen kwaad is nooit kwaad of vergelding van die kwaad nie. Selfverdediging is om kwaad af te weer en kwaad te keer. Selfs al sou jy iemand in selfverdediging doodmaak wat jou probeer vermoor, is dit nie wraak nie.

Om jouself te laat geld deur die wet van ‘n land of gemeenskap is ook nie wraak nie. Dit is hoe jy jou reg handhaaf teen die kwaad. Om reg te eis van hulle wat jou kwaad aandoen volgend die wet en binne die wet is nooit wraak nie.

Net so is dit nie wraak om kwaad te word oor kwaad wat jou aangedoen word of woedend te wees oor onreg wat jou aangedoen is nie.

Wraak is om ‘n persoon wat jou kwaad aangedoen ook kwaad aan te doen as vergelding vir wat jy aangedoen is. Wraak gaan oor die genot om ‘n ander kwaad aan te doen as vergelding vir sy kwaad.

Wraak is soet!

Wat is die genot van wraak? Dit is om ‘n ander mens magteloos te maak en so uit te lewer aan jou mag oor hom of haar. Dit is om ‘n ander persoon so te ontmagtig dat hulle die kwaad wat jy hulle aandoen moet aanvaar en met die skade van die kwaad wat jy hulle aangedoen het, dood eenvoudig mee moet saamleef as hulle verdiende loon.

Wraak is altyd om deur kwaad wat jou aangedoen is geregverdig die persoon wat jou kwaad aangedoen het kwaad aan te doen. Wraak is geregverdigde regstellende aksie en die bemaatiging om deur kwaad kwaad te mag doen.

2. Paulus stel dat gelowiges nooit kwaad met kwaad kan of mag vergeld nie want hulle is deur hulle geloof in Christus verbind tot 'n ingesteldheid om aan alle mense goed te doen. Daarom stel hy dat gelowiges mense wat hulle vervloek moet seën (12:14), dat hulle standvastig moet wees om vir alle mense goed te wees al kry jy swaar (12: 12), dat jy die kwaad moet verafsku en aan die goeie moet vashou (12:9) en nooit toelaat dat die kwaad jou oorwin deur self kwaad te doen nie, maar die kwaad wat jou aangedoen word moet oorwin deur aan te hou goed doen aan alle mense. (12: 21)

Paulus is nie hier besig om 'n beroep op die gemeente te maak dat hulle moet beter wees as ander mense en wys hulle is vormer, mensliker, geesteliker of meer godsdienstig as ander mense nie. Hy is besig om die nuwe lewe binne die liefde van God vir jou as sondaar uit te wys. Hy het dit in Rom.12:1 so aangekondig. Om op grond van die barmhartigheid van God jou liggaam in diens te stel van God as 'n offer wat lewend en heilig is, vir God aanneemlik.

Dit gaan oor 'n lewenswyse uit die sekerheid dat jy deur God geseën is en geseën word. In Gal. 3 gebruik Paulus Deuteronomium 28 om te wys wie is in God se barmhartigheid, wie is seker van God se seën. Deut. 28 stel duidelik hoe God elke dag met die wêreld besig is. God seën, is goed vir elkeen wat stiptelike alles doen wat God in sy wet voorskryf. (Deut. 28: 1,2) God vervloek, is sleg en laat die sleg gaan met elke mens wat nie stiptelike sy wet gehoorsaam nie. God vergeld elke dag die kwaad wat mense doen. (Deut. 28: 15)

Daarom stel Paulus dat alle mense wat staat maak op God se wet om geseën te word deur God, staan ironies genoeg juis daardeur onder God se vloek (Gal. 3: 10) want hulle kan nie die wet stiptelike onderhou nie. Wanneer God stel dat die wraak Hom toekom, dan is dit volgens Deuteronomium dit waarmee God juis elke dag besig is in die wêreld: Hy vervloek die kwaad en kwaaddoener en beloon die gehoorsame, seën hom. Daarom mag mense nie wraak neem nie want dit is wat God doen met die kwaad. Ons mag nooit in God se wraak inmeng asof Hy ons hulp nodig het nie.

3. Wie seën God in en deur sy goedheid volgens Paulus in Galasiërs 3?

Hulle wie in Jesus Christus glo, nie hulle wat die wet stiptelik onderhou nie! (3: 11,12)

Wat glo van Jesus Christus?

Dit kan nie beter of duideliker gestel word as wat Paulus dit in Gal. 3: 13 stel nie: "Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het." Christus word in my plek aan die kruis die vervloekte sondaar. Hy is aan die kruis al my sondes soos Paulus dit stel in 2 Kor.5: 21: "Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in hom voor God geregverdig kon word."

In sy vereniging en eenheid met ons is Christus ons sondes aan die kruis en word al ons sondes deur God in Christus aan die kruis vervloek. En in hierdie vereniging met

Christus bevry ons uit die magstryd tussen goed en kwaad

Christus as mens in die hemel deel en is ons Christus se geregtigheid, sy stiptelike gehoorsaamheid aan God se wet en so ontvang ons van God die beloning van gehoorsaamheid wat Christus nie gekry het nie – God seën ons, beloon ons met die seëninge wat Christus moes gekry het.

So word ons saam met die gelowige Abraham nie vervloek vir die kwaad wat ons doen nie, maar geseën vir die goeie wat ons nie doen nie. (Gal. 3: 9, 14)

In en deur hierdie geloof dat ons nie vir die kwaad wat ons doen, vervloek word nie maar geseën word vir die goeie wat ons nie doen nie, leef Christene 'n nuwe soort lewe: “Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in die geloof, die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad het en homself vir my oorgegee het.”

Dit is om uit die geloof te leef dat die goeie wat ek kry is omdat God my seën met die beloning van Christus se lewe en die kwaad wat ek doen Christus voor vervloek is. God bewerk alles wat goed is vir my en God sal alle kwaad wat ek self doen en ander aan my doen, my ten goede keer.

In hierdie geloof is dit onmoontlik om kwaad met kwaad te vergeld. Want mense se kwaad kan nie die goeie wat God vir ons bewerk van ons ontnem nie en die kwaad wat mense lewer ons nie uit aan hulle mag oor ons lewe nie. Hulle kwaad sal God ons deur seën.

4. Christus het ons vrygekoop van die wet van God wat só werk: God beloon jou as jy gehoorsaam is en vervloek jy as jy ongehoorsaam is. (Gal.3:13) So koop die Here ons ook vry van die mag wat mense oor ons sou kry deur die kwaad wat hulle ons aandoen. Hierdie tipe mag dat mense jou die goeie wat jy verdien jou ontnem en jou uitlewer aan hulle mag om te aanvaar dat hulle jou die kwaad kan aandoen wat hulle vir jou wens.

Josef deurbreek hierdie gewaande magteloosheid binne die kwaad wat mense vir jou begeer en wil aandoen met sy geloofsbelydenis in God se seën: “Julle het kwaad teen my beplan, maar god het dit vir iets goeds in gedagte gehad, met die doel om te doen wat vandag gebeur – om ‘n groot volk aan die lewe te hou.” (Gen. 50: 20)

Kinders van God is nooit magteloos uitgelewer aan die kwaad wat mense hulle wil aandoen en die skade wat hulle aandoen word deur die kwaad nie. Want die goeie wat God vir my bewerk kan mense nie van ontnem nie en die kwaad wat hulle my wil aandoen keer Hy vir my altyd ten goede. Ons glo nooit in die mag van kwaaddoeners of ons eie magteloosheid nie.

In Christus se vervloeking aan die kruis vir ons ongehoorsaamheid, ontdek ons dat God self wraak neem op elke vorm van kwaad. As jy nie ingesluit en verenig met Christus as mens in die hemel is nie, vervloek God jou vir jou ongehoorsaamheid en sal Hy jou seën vir jou gehoorsaamheid. Wanneer God jou vervloek bewerk Hy vir jou die slegtheid van sy wil en keer Hy die goeie wat Hy vir jou gee jou ten kwade volgens Deut. 28. Dit beteken God bewerk dit dat jou goeie vriende, jou goeie vrou, jou goeie kinders, jou goeie lewe en goeie land vir jou ‘n vervloeking sal wees.

Hierin moet ons ontdek dat ons nooit die kwaad beter kan vergeld as wat

Christus bevry ons uit die magstryd tussen goed en kwaad

God dit self doen nie. Dit is soos hulle wat plase vat. God vervloek hulle met die goeie plase wat hulle vat só dat hulle hul eie plase afbrand om hul swak werk te verskuil. Hul eie vrugtebome, en so hul eie inkomste, afsaag vir brandhout en hul eie plase self 'n woesteny maak. Jy kan nie met jou wraak hulle seerder maak as wat God hulle seer maak nie – die kwaad wat jy hulle wil aandoen laat God hulle hulself aandoen.

5. Wie God vertrou om geseënd te wees in Christus en God ken as die Here wat self elke dag kwaad vervloek, kan aanhou om goed te doen aan alle mense, mense wie God seën en ook mense wie God vervloek: “Moet nie iemand kwaad met kwaad vergeld nie, maar rig julle gedagtes op wat goed is vir alle mense.” (Rom. 12: 17) In ons vertroue in Jesus Christus ontdek ons dat ons nie bedoel is om deel te wees van 'n magstryd waarin ons mekaar moet bemagtig of ontmagtig nie. Waarin ons ons magteloosheid moet herwin deur ander teenoor ons magteloos te maak nie. Gelowiges is bevry uit die gewaande magstryd tussen goed en kwaad, tussen seëning en vervloeking, omdat die Here ons altyd in en deur alles seën.

Daarom boer jy om vir alle mense goed te wees en vir alle mense kos te voorsien. Net so is elke beroep waarin ons staan ons manier om goed te wees vir alles mense, nie soos bemagtigde staatsamptenare wat hul werk gebruik om mense kwaad aan te doen nie. Ons is bevry om mens tussen mense te wees en nie met goddelike wraak of goddelike seën, mense te seën of te vervloek nie.

Mense bemagtig hulle vandat nie net om God se wraak namens God te neem nie, maar ook om God se seën vir mense te bewerk. Dit word al meer 'n gebruik in die gemeenskap dat mense hulle die posisie toeëien om vir ander mense te sê: “Ek spreek God se seën oor jou uit.”

En dan is dit nie maar net 'n seënbede nie maar glo hulle as hulle dit uitspreek maak hulle God se seën vir jou waar. Hulle noem dit dat hulle die outoriteit het om God se seëninge uit te deel deur dit oor mense uit te spreek. Mense glo hulle is bemagtig om die goeie wat God vir jou wil vir jou in jou lewe te bewerk. Dit is ook die drif in die nuwe sogenaamde missionaliteit: jy bring deur jou menswees God se liefde, nabyheid, sorg, krag en goddelikheid naby mense en deel van mense se lewe.

Wie God se seëninge waarmaak, mag ook God se wraak waarmaak! Dit is soos met toordokters, toordokters bewerk goddelike dinge, en dan kan jy kies tussen die slegte toordokter wat kwaad bewerk en die goeie toordokter wat seën bewerk.

Gelowiges is nie deel van hierdie magstryd tussen goed en kwaad, seën en vervloeking nie. Gelowiges word altyd deur die Here geseën en doen goed aan alle mense.